



Maak 'n verskil

Beatrice Delpierre van Kaapstad se esSAy Gifts-inisiatief maak 'n verskil aan ander se lewens

Alles het begin toe ons ná sewe jaar in Engeland besluit het om terug te kom Suid-Afrika toe. Nadat ek my internasionale aptekerseksamen geslaag het, het ek het as afdelingsbestuurder vir 'n groot farmaseutiese kleinhandelaar gewerk. Maar terug in Suid-Afrika wou ek iets anders doen; iets waarmee ek regtig 'n verskil in mense se lewe kon maak.

Ek glo as jy werk skeep, kan jy meehelp om die geweld in ons land te verminder. My broer, wat reeds nou betrokke was by liefdadigheidswerk, het my geïnspireer. En só is esSAy Gifts gebore - produkte met hul eie, unieke storie. Ons koop produkte aan van mense wat vroeër net 'n groot klomp talent, maar min tyd of sakekennis gehad het. Dié produkte vorm deel van ons reeks wat ons aan groot maatskappye as korporatiewe geskenke bemark.

Ons droom het regtig eers vlerke gekry toe Joburg City ons produkte by die Toerisme Indaba in Durban raakgesien het. Die sokkerman is daar gebore, en nie lank nie, of hy het van die Vrystaat tot in Duitsland gereis. Die sokkerman was een van die amptelike geskenke wat by die oorhandigingsgeselligheid van vorige Sokkerwêreldbeker in Duitsland uitgedeel is. Hierdie sokkerman het nie net 'n verskil gemaak in die lewe van die mense wat hom ontvang het nie, maar ook aan dié wat hom gemaak het. Dit het werk verskaf aan veertig mense op 'n plattelandse dorpie.

Elke liewe dag bring sy eie uitdagings.

Afrika-tyd is sekerlik ons grootste kopseer en dit kos fyn beplanning om seker te maak produkte uit die informele nedersettings kom betyds by ons korporatiewe kliënte se gala-geleenthede uit. Die tweede uitdaging is infrastruktuur. Soms moet mense soos Cynthia, een van ons kunstenaars, drie taxi's haal voor sy by die eerste poskantoor kom van waar sy haar kosbare geborduurde eiers kan stuur. As daar nie eens vervoer is nie, wat nog te sê doeltreffende Internetverbindings. Ons bring baie tyd op die pad deur, want soms moet 'n kliënt dringend 'n artikel onder oë kry om doodseker te maak dis presies wat hy in gedagte gehad het. Soms het ons ook 'n geweldige probleem met die verskillende tale, maar gelukkig dien ons administratiewe beampte, Japhta, ook as tolk.

Ek sien 'n blink toekoms vir ons onderneming, want hoe langer ons in die bedryf is, hoe bekender word ons vir die hoë gehalte artikels, ons vermoë om betyds af te lewer en die goeie diens. So skeep ons dan meer werk. Ek glo die Here het 'n baie spesiale plan vir hierdie onderneming, want elke keer as ons met ons rug teen die muur gestaan het, het 'n groot bestelling deurgekom. Ons verskaffers maak dit vir seker die moeite werd. Hulle is altyd so dankbaar vir elke liewe bestelling wat deurkom, want dan hoef hulle hulle nie vir die res van die maand oor kos op die tafel te bekommer nie.

Op 'n meer persoonlike vlak is die grootste

uitdaging om die "m'e" in my lewe te balanseer: mamma, minnares, mapreneur. Ek probeer sovermoontlik 'n balans handhaaf - ek sal byvoorbeeld my dogtertjies vir hul swemles neem en die verlore werk die aand inhaal. Sondag is gesinsdag en dan probeer ek sover moontlik om nie te werk nie. Ek ruim ook wekeliks tyd in vir 'n pilates-klas of twee om die stresvlakke onder beheer te hou. En les bes, sonder 'n ondersteunende eggenoot en my ma se gebede sou niks hiervan moontlik gewees het nie.

Ek het ingeskryf vir hierdie kompetisie, want esSAy Gifts het dringend 'n nuwe webwerf nodig. Dit sal ons kliënte gelukkig maak, ons beeld uitbou en ons doeltreffendheid verbeter deur tyd te bespaar. Ek sou ook graag vir een van ons getrouste vervaardigers 'n digitale kamera wou koop en vir een baie spesiale man in 'n informele nedersetting 'n skootrekenaar. Dit sou beteken dat hy sy unieke artikels kon afneem en aan ons e-pos sodat ons meer van sy produkte kan verkoop. Ek wil graag ook seker maak dat daar 'n geldjie vir Japhta se bestuurslesse eenkant gehou word, dit is sy én my droom dat hy sy bestuurderslisensie verwerf.

Ek is baie trots daarop dat ons vir mense geskenke bied wat deur mense gemaak is, nie masjiene nie. Elke artikel het 'n storie en saam vorm hulle die essay van ons reënboognasie. Dis 'n erfenis wat ek graag aan my twee dogtertjies sou wou nalaat. Meer inligting by www.essaygifts.co.za

BESTE GEMEENSKAPSBEWUSTE BESIGHEID

Die primêre fokus van dié onderneming is om aandag te gee aan kwessies wat die gemeenskap raak.

BESTE DIENSLEWERING

Diensgerigte onderneming wat 'n ontasbare produk lewer.

BESTE PRODUKLEWERING

Produkgerigte onderneming wat 'n tasbare produk lewer.

BESTE POTENSIËLE OMSET

'n Onderneming met 'n standvastige, volhoubare en opwaartse finansiële groeikurwe.

BESTE BESIGHEIDSIDEE

Die beste besigheidskonsep wat nagevors en substantief is, maar weens finansiële beperkings nie uitgevoer kan word nie.

R50 000 vir elke kategorie

Die totale prysgeld wat gewen kan word, is R250 000.

**DIE
PRYSE**

Finansiële wenke

BANKSAKE EN VERSEKERING

Of jy besig is om 'n jong besigheid op te bou, en of jy 'n gevestigde besigheid bestuur, jy het altyd planne nodig om jou tyd op die beste manier te bestuur. As jy jou banksake op 'n doeltreffende manier kan doen, sal jy heelwat onnodige administratiewe takies uitsny.

Hier is 'n paar voorbeelde van eenvoudige dinge waarmee jou bank jou kan help:

- 'n Besigheidsrekening wat aan 'n bankkaart gekoppel is, maak dit moontlik om van 'n afstand af banksake te doen.
- 'n Korporatiewe kredietkaart gee jou dertig dae rentevrye krediet.
- As jy surplus fondse het, kan jy dit vir jou laat werk deur dit in 'n spaar- of beleggingsrekening te sit.

As jy eers die regte produkte gekies het, wil jy die beste manier kry om jou banksake te doen. Daar is 'n paar opsies beskikbaar wat sal help om jou tyd te bespaar.

Om jou banksake deur die Internet te doen is veilig en maklik, en jy kan dit vanaf jou kantoor of huis doen. Jy kan 'n verskeidenheid besigheidsbanksake oor die Internet doen:

- Betaal krediteure en werknemers elektronies.
- Dra geld tussen rekeninge oor.
- Kry opgedateerde bankstate van jou rekeninge.
- Bestuur jou beleggings.
- Doen 'n verskeidenheid krediet- en debietbetalings.

Banksake deur middel van jou selfoon is baie dieselfde as deur die Internet, en bied dieselfde voordele.

Versekering help jou om jou risiko's te bestuur. Jy moet besigheidsversekering hê om jou besigheid te beskerm as iets fout gaan. Daar is twee soorte versekering:

- Verantwoordelikhedsversekering beskerm die besigheid teen finansiële verlies weens beserings, dood, eiendomsbeskadiging wat deur die besigheid, werknemers of produkte veroorsaak word.
- Eiendomsversekering beskerm die waarde van fisieke bates soos die geboue, motors en toerusting, in terme van die vervangingswaarde of kosprys.

Voor jy versekering koop, vra jouself die volgende vrae:

- Waarteen soek ek beskerming?
- Wat is die waarde van hierdie items?
- Watter soort dekking het ek nodig? (byvoorbeeld vuur, diefstal, ander risiko's)
- Wat en wie wil ek beskerm? (alle werknemers of net sekere werknemers)
- Watter uitsluitings is op my huidige situasie van toepassing en hoe beperk dit my besigheid?

Vir kompetisieëls, kyk op bl. 181

Hoe om deel te neem

Jy moet die ma van jong kinders wees en jou eie maatskappy of klein onderneming bestuur, of daaraan dink om jou eie besigheid te begin.

Stuur 'n motivering van nie minder as 600 woorde nie waarin jy die volgende punte aanraak:

- Redes waarom jy jou onderneming begin het, of wil begin, en wat jy voorheen gedoen het.
- Watter uitdagings jy gehad het, en hoe jy dit oorkom het.
- Wat jou toekomsplanne vir jou onderneming is.
- Hoe jy jou persoonlike en besigheidslawe balanseer.
- Hoe jy die prysgeld in jou onderneming sal gebruik as jy sou wen.
- Beste besigheidsidee (indien jy vir hierdie kategorie inskryf).

Stuur die onderstaande aansoekvorm, en twee foto's - een van jouself in jou besigheidsomgewing en een van jou en jou gesin - saam met jou storie in. Elke maand sal ons van die interessante stories publiseer en wie weet, joune kan dalk gekies word!

STANDARD BANK/ROOI ROSE "MAPRENEUR"-KOMPETISIE 2009

Naam: _____

Van: _____

Naam van besigheid: _____

SA ID-nommer: _____

Posadres: _____

Kode: _____

Fisiese adres: _____

Kontaknummers: (H): _____ (W): _____

(S): _____

E-posadres: _____

Heg die inskrywingsvorm met jou twee foto's aan jou motivering en pos dit aan: **Standard Bank/rooi rose "Mapreneur"-kompetisie 2009, Posbus 412982, Craighall 2024.** Jy kan ook op die webwerf momprenneur.livingandloving.co.za inskryf. Aansoeke moet voor 13:00 op Vrydag 23 Oktober 2009 ontvang word.

DIE PRYSGELD SAL IN 'N STANDARD BANK-BESIGHEIDSREKENING INBETAAL WORD.

Stuur jou aansoekvorm
voor 23 Oktober 2009!

2009 Standard Bank/rooi rose “Mapreneur”-kompetisiereëls

VOORWAARDES EN BEPALINGS VIR DIE KOMPETISIE

(sien kompetisiebesonderhede op bl. 213)

- 1 Vyf (5) inskrywers vir hierdie kompetisie het 'n kans om elkeen R50 000 (vyftig duisend rand) te wen wat in 'n Standard Bank-rekening inbetaal sal word. As die wenner nie 'n Standard Bank-rekening het nie, sal sy 'n Standard Bank-rekening moet oopmaak onderhewig aan Standard Bank se prosedures en reëls vir nuwe rekenings.
- 2 Die kompetisie word aangebied deur **CTP Limited t/a Caxton Magazines** en **Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk** (“die promotors”).
- 3 Die promotors, hul direkteure, lede, vennote, werknemers, agente of konsultante en hul eggenote, lewensmaats, ouers, kinders, broers of susters en besigheidsvennote mag nie aan die kompetisie deelneem nie.
- 4 Hierdie reëls en regulasies geld alle inligting of advertensiemateriaal aangaande die kompetisie wat gepubliseer gaan word.
- 5 Geen inskrywing sal oorweeg word wat nie volledig ingevul is en tot die geldigheidsproses voltooi is nie. Alle inskrywings moet die promotors voor 13:00 Vrydag 23 Oktober 2009 bereik.
- 6 Inskrywings wat gesteel, beskadig, verander, verkeerd ingevul of op enige manier mee gepeuter is, sal nie aanvaar word nie. Die promotors is nie verantwoordelik vir verlore, gesteelde of beskadigde inskrywings nie.
- 7 Die wenners van die kompetisie sal deur 'n evaluasieproses gekies word en alle geldige inskrywings sal deur 'n paneel kundige beoordelaars (“die beoordelingsproses”) geëvalueer word. Die beoordelingsproses vind plaas op Woensdag 25 November 2009 op die perseel van **Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk** in Simmondsstraat 5, Johannesburg.
- 8 Die promotors sal die wenners telefonies in kennis stel binne sewe (7) dae nadat die beoordelingsproses begin het.
- 9 In die geval van 'n dispuut is die besluit van die promotors en beoordelaars finaal ten opsigte van alle aspekte van die kompetisie en geen briefwisseling sal gevoer word nie.
- 10 Die promotors, hul direkteure, lede, vennote, werknemers, agente, konsultante, verskaffers, kontrakteurs en borge aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige direkte of indirekte verlies of skade vanweë die inskrywer se deelname aan die kompetisie, of enige verlies of skade as gevolg daarvan nie. Die pryswenners vrywaar die promotors en hou hulle nie aanspreeklik vir enige verlies, skade of besering wat die pryswenners mag ervaar as gevolg van enige eis wat 'n derde party teen die wenners instel terwyl hulle aan die kompetisie deelneem nie.
- 11 Die promotors behou die reg voor om die kompetisie onmiddellik, sonder enige kennis, te staak indien die Minister van Handel en Nywerheid, die Raad op Loterye, of enige ander rede dit vereis. In so 'n geval sal die inskrywers enige regte laat vaar wat hulle teen die promotors het, en sodoende aanvaar dat hulle geen eise van enige aard het teen die promotors, hul direkteure, lede, vennote, werknemers, borge, agente of konsultante nie.
- 12 Deur in te skryf, aanvaar alle deelnemers al die reëls en regulasies van die kompetisie.
- 13 Die promotors behou hulle die reg voor om die prys met 'n ander prys van ooreenstemmende kommersiële waarde te vervang.